



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

FEBRUARIE/MAART 2014

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoud, soos vervat in die riglyndokument, gebaseer is:

VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989?
 - Op die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika
VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP AFRIKA?
 - Gevallestudie: Angola
VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKA AS 'N DEMOKRASIE UIT DIE KRISISSE VAN DIE 1990's NA VORE GETREE?

VRAAG 4: HANTERING VAN DIE VERLEDE EN KYK NA DIE TOEKOMS: DIE WERK VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE
2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag toegeken word.
3. Kandidate moet enige TWEE vrae beantwoord.
4. In die beantwoording van vrae behoort kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.
5. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel. Die bronne in die addendum is vertaal.
6. Vrae moet beantwoord word deur na die ADDENDUM te verwys.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: WATTER POLITIEKE VERANDERINGE HET IN SUID-AFRIKA PLAASGEVIND NADAT DIE USSR TOT 'N VAL GEKOM HET?

Bestudeer Bron 1A, 1B en 1C en beantwoord die vrae wat volg.

- 1.1 Verwys na Bron 1A.
- 1.1.1 Waarom dink jy het Michail Gorbachev vir 'n 'nuwe wêreldorde' gevra? (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om die volgende terme te omskryf:
- (a) Glasnost
(b) Koue Oorlog (2 x 2) (4)
- 1.1.3 Volgens die inligting in die bron, watter uitwerking het die val van die Berlynse Muur op Suid-Afrika gehad? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. (2 x 2) (4)
- 1.1.4 Waarom dink jy is Mandela se verskuiwing na die Victor Verster-tronk as betekenisvol beskou? (1 x 3) (3)
- 1.2 Bestudeer Bron 1B.
- 1.2.1 Waarom het die *Sunday Times* besluit om De Klerk se toespraak te publiseer? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2 x 2) (4)
- 1.2.2 Wat vertel die woorde: 'vrees, wanhoop en woede (is) deur hoop vervang' jou van die toestand in Suid-Afrika onder De Klerk se regering? (1 x 2) (2)
- 1.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, en verduidelik op watter maniere De Klerk se parlementêre toespraak verskil het van dié van vorige Nasionale Party-leiers. (2 x 2) (4)
- 1.2.4 Verduidelik hoe Koerantberig 1 en 2 mekaar ondersteun met verwysing na De Klerk se parlementêre toespraak op 2 Februarie 1990. (2 x 2) (4)
- 1.3 Verwys na Bron 1A en 1B. Lewer kommentaar op die betekenis van die *Sunday Times* se hoofopskrif: 'N NUWE BLAADJIE IS IN DIE GESKIEDENIS OMGESLAAN'. (2 x 2) (4)

- 1.4 Gebruik Bron 1C.
- 1.4.1 Waarom was die ANC verras deur De Klerk se parlementêre toespraak? (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Volgens die inligting in die bron, hoe het die volgende persone op De Klerk se parlementêre toespraak gereageer:
- (a) Thabo Mbeki
(b) Aartsbiskop Desmond Tutu (2 x 2) (4)
- 1.5 Gebruik die inligting in Bron 1B en 1C en jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik watter EEN van die bronne (Bron 1B of 1C) jy dink die bruikbaarste sou wees wanneer navorsing gedoen word oor die effek van De Klerk se parlementêre toespraak van 2 Februarie 1990 op Suid-Afrika. (8)
- 1.6 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)
- Beantwoord EEN van die vrae: VRAAG 1.6.1 OF VRAAG 1.6.2.
- 1.6.1 Verduidelik hoe die val van die Sowjetunie die weg gebaan het vir politieke verandering in Suid-Afrika na 1989. (30)
- OF**
- 1.6.2 Die einde van die Koue Oorlog het 'n betekenisvolle effek op Suid-Afrika se politieke toekoms gehad.
- Is dit 'n akkurate assessering van gebeure? Staaf jou antwoord deur die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
- [75]**

VRAAG 2: HOE HET DIE VAL VAN DIE USSR IN 1989 ANGOLA SE HERVOORSTELLING BEÏNVLOED?

Bestudeer Bron 2A, 2B en 2C en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Omskryf die volgende begrippe in jou eie woorde:

- (a) Burgeroorlog
(b) Marxistiese-Leninisme (2 x 2) (4)

2.1.2 Watter effek het die einde van die Koue Oorlog op Angola gehad? (1 x 2) (2)

2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Jonas Savimbi die verkiesingsuitslae van 1992 verwerp het. (2 x 2) (4)

2.1.4 Verduidelik waarom jy dink die VSA eers vir UNITA ondersteun het, maar later besluit het om die MPLA te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Noem enige TWEE minerale wat volgens die bron 'n positiewe impak op Angola se ekonomie sou hê. (2 x 1) (2)

2.2.2 Verduidelik of jy dink Angola het die vermoë gehad om een van die rykste lande in Afrika te wees indien sy minerale reg aangewend sou word. (1 x 3) (3)

2.2.3 As 'n gewese Angolese burger, hoe het Santana die huidige besigheidspraktyke in Angola beskou? (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die ekonomiese toestand in Angola na 1989 bestudeer. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Watter boodskappe dra die spotprenttekenaar oor Angola oor? (2 x 2) (4)

2.3.2 Verduidelik of jy saamstem met die antwoord in die spotprent: 'Ja-nee, as dit oor burgeroorlog gegaan het, sou ons baie goue medaljes gewen het'. (2 x 2) (4)

2.4 Vergelyk Bron 2A en 2C. Verduidelik in watter mate die bronne mekaar ondersteun met betrekking tot die burgeroorlog in Angola. (2 x 2) (4)

- 2.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die verskillende ekonomiese uitdagings waarvoor Angola na die einde van die Koue Oorlog te staan gekom het, verduidelik. (8)
- 2.6 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)
- Beantwoord EEN van die vrae: VRAAG 2.6.1 OF VRAAG 2.6.2.
- 2.6.1 Bespreek tot watter mate Angola suksesvol was in sy hervoorstelling nadat die USSR in 1989 tot 'n val gekom het. (30)
- OF**
- 2.6.2 Olie, diamante en hul inkomste was 'n groot bron van gierigheid onder Angolese leiers.
- Stem jy saam met die stelling? Staaf jou antwoord deur die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
[75]

VRAAG 3: WATTER STRUIKELBLOKKE HET SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE PROSES VAN ONDERHANDELING TUSSEN 1990 EN 1994 ERVAAR?

Gebruik Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

- 3.1 Verwys na Bron 3A.
- 3.1.1 Noem die TWEE partye wat in 1990 met formele samesprekings begin het. (2 x 1) (2)
- 3.1.2 Verduidelik die redes vir die meningsverskil tussen De Klerk en Mandela voor die Groote Schuur-vergadering. (2 x 2) (4)
- 3.1.3 Die polisie en Mandela het twee verskillende weergawes van die gebeure in Sebokeng gegee. Waarom dink jy het Mandela op hierdie manier gereageer? (2 x 2) (4)
- 3.2 Bestudeer Bron 3B.
- 3.2.1 Watter boodskappe wil die fotograaf Bradlow oordra rakende die houding van blanke konserwatiewe Suid-Afrikaners teenoor die onderhandelingsproses? (2 x 2) (4)
- 3.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, en verduidelik waarom die meerderheid wit Suid-Afrikaners nie hierdie protesoptog ondersteun het nie. (1 x 3) (3)
- 3.3 Gebruik Bron 3C.
- 3.3.1 Identifiseer enige TWEE Bantoestantuislandleiers wat teen die Rekord van Verstandhouding gekant was. (2 x 1) (2)
- 3.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, en verduidelik waarom die Bantoestantuislandleiers teen die Rekord van Verstandhouding gekant was. (2 x 2) (4)
- 3.3.3 Volgens Treurnicht sal 'n regering wat deur die ANC en die SAKP gelei word, aanleiding gee tot diktatorskap. Lewer kommentaar op sy siening. (2 x 2) (4)
- 3.3.4 Waarom dink jy wou die meeste Bantoestantuislandleiers ' 'n meer verteenwoordigende forum' hê? (1 x 2) (2)
- 3.4 Raadpleeg Bron 3D.
- 3.4.1 Lewer kommentaar op die opskrif 'Election and inauguration' ('Verkiesing en inhuldiging') soos in die spotprent uitgebeeld word. (2 x 2) (4)
- 3.4.2 Waarom dink jy het Higgens hierdie spotprent geteken? Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

- 3.5 Gebruik die inligting in Bron 3A, 3B en 3C en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe konserwatiewe Suid-Afrikaners probeer het om die onderhandelingsproses in Suid-Afrika gedurende die 1990's te ontwig. (8)
- 3.6 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.6.1 OF VRAAG 3.6.2.
- 3.6.1 Bespreek die verskillende struikelblokke wat Suid-Afrika gedurende die proses van onderhandeling tussen 1990 tot 1994 ervaar het. (30)
- OF**
- 3.6.2 Vir demokrate was die Rekord van Verstandhouding 'n deurbraak vir die bevryding van Suid-Afrika van die onderdrukking van apartheid.
- Bespreek die stelling krities deur die inligting in die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
[75]

VRAAG 4: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) OM SUID-AFRIKA VAN SY VERDEELDE VERLEDE TE GENEES?

Bestudeer Bron 4A, 4B en 4C en beantwoord die vrae wat volg.

4.1 Verwys na Bron 4A.

- 4.1.1 Waarom dink jy verwys Dullah Omar na die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika? (1 x 2) (2)
- 4.1.2 Omskryf die begrip *versoening* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 4.1.3 Verduidelik waarom jy dink dat die woord 'menseregte' verskeie kere in die bron genoem word. (2 x 2) (4)

4.2 Gebruik Bron 4B.

- 4.2.1 Hoe, volgens die inligting in die bron, het De Kock by die 'Motherwell-bomaanval' betrokke geraak? (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)
- 4.2.2 Haal bewyse aan om te verduidelik of De Kock by die WVK-verhore enigszins berou getoon het. (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)
- 4.2.3 Watter gevolgtrekking kan jy maak uit van die houdings van die twee weduwees nadat hulle De Kock ontmoet het? Gebruik bewyse uit die bron om jou antwoord te ondersteun. (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)
- 4.2.4 Verduidelik die boodskappe wat die spotprenttekenaar wil oordra rakende die rol wat 'Die 3 Verskrikkings' by die WVK-verhore gespeel het. (Visuele Bron) (2 x 2) (4)
- 4.2.5 Waarom dink jy beeld die spotprenttekenaar die Uniegebou in die voorgrond van die spotprent uit? (1 x 3) (3)
- 4.2.6 Vergelyk die geskrewe bron met die visuele bron. Verduidelik die ooreenkomste tussen hierdie twee bronne met verwysing na De Kock se getuienis by die WVK. (2 x 2) (4)

4.3 Raadpleeg 4C.

- 4.3.1 Verduidelik of jy met Tutu se stelling: 'ons het 'n groot deel van die waarheid gekry' in die konteks van die WVK saamstem. (2 x 2) (4)
- 4.3.2 Wat kan jy aflei uit Tutu se stelling dat 'die groot visse ontsnap' het? Ondersteun jou antwoord met geldige redes. (2 x 2) (4)

- 4.4 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom die WVK deur sommige anti-apartheidsaktiviste as omstrede beskou is. (8)

4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die vrae: VRAAG 4.5.1 OF VRAAG 4.5.2.

4.5.1 Bespreek tot watter mate die Waarheids-en-versoeningskommissie (WVK) suksesvol was om genesing tussen oortreders en slagoffers te bewerkstellig. (30)

OF

4.5.2 Dullah Omar het in die inleiding van die nuwe Grondwet gesê: 'Daar is 'n verbintenis om van die verlede weg te breek, om die wonde van die verlede te genees, om te vergewe, maar nie te vergeet nie en om 'n toekoms te bou wat op respek en menseregte gebaseer is.'

Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en verduidelik of die WVK daarin geslaag het om sy doelstellings te bereik. (30)

[75]

TOTAAL: 150